

## **Sing vooraf staande: Psalm 73:1, 12 (p. 366)**

- 1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.  
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.  
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed  
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.  
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.  
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.  
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 149:1, 2 (p. 715)**

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!  
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

### **Psalm 119:1. 2 (p. 584)**

- 1 Salig wie in hul opregtheid / wandel in die HEER se wet,  
wie Hom soek van ganser harte / en op sy getuig'nis let.  
Salig dié wat in hul wandel / nie op onregspaaie gaan,  
maar wil wandel op die weë / in Gods wet vir hul gebaan.
- 2 Dis u wil dat ons u woorde / in getrouheid sal betrag.  
Kon ek maar, ek sou 't van harte. / HEER, verleen U my die krag!  
Ag, was tog my voet maar vaster, / dat ek van die spoor nie dwaal  
in u wet my voorgeteken, / en geen skande oor my haal!

**Gebed**

### **Psalm 1:1, 2, 4 (p. 1)**

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;  
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.  
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.
- 4 God ken die pad waarop sy volk moet gaan; / sy oog is dit wat hulle gadeslaan  
en met sy lig hul lewenspad bestraal het; / maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het –  
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed, / loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

**Skriflesing: Psalm 1:1-6**

**Kernvers: Psalm 1:6a**

**Want die HERE ken die weg van die regverdiges**  
(Psalm 1:6a AFR1953)

**Tema:** Die HERE loop saam met die regverdige aan die hand

Welkom in die HERE se katekisasieklass, geliefde gemeente van Jesus Christus. Ja, dit is wat ons vanoggend gelees het, die HERE se katekisasiestes vir sy kinders. In hierdie les leer die HERE ons die regte keuse vir ons lewe. Elkeen van ons, of ons nou kinders is en of ons nou grootmense is, kom elke dag voor keuses te staan. Jy moet kies of jy op hierdie pad gaan of op die ander pad gaan.

Soms is dit maklik om te kies, want die Here het jou toegerus deur die onderrig wat Hy al in baie Bybelstudies, eredienste en geloofsgesprekke vir jou gegee het. Met hierdie toerusting wat jy het, kan jy dan somer hier aan die begin van die twee of meer paaie voor jou dié een kies waarop die Here wil hê jy moet gaan. 'n Eenvoudige voorbeeld: 'n Vriend vra jou om iemand dood te skiet. Somer dadelik weet jy dat dit nie die pad is waarop die Here jou wil hê nie.

Ander kere, miskien die meeste van die kere, is die keuse wat jy moet maak nie só maklik nie. Die een pad lyk so lekker en dit pas so goed by jou geaardheid. Die ander pad hou ook groot beloftes vir jou in, maar jy is nie so seker of jy so lank kan wag dat die beloftes vir jou waar word nie. Vir so 'n moeilike keuse gee die Heilige Gees somer self die voorbeeld. Jakob en sy ma, Rebekka, het geweet dat die Here vir Jakob gekies het om as verbondshoof op te tree. Maar in plaas daarvan om te wag dat die Here die belofte waar maak en omdat hulle bang is dat Esau die eersgeboorteseën kry, kies hy en sy ma om sy pa Isak te bedrieg sodat hy die verbondshoof kan wees.

Hoe moeilik of maklik die keuse ook al mag wees, in hierdie katekisasiestes leer die Here ons nou met eenvoudige beelde en sprekende woorde wat die regte keuse is en hoekom ons hierdie keuse moet maak. Die Here leer ons deurdat Hy vir ons die verskil wys tussen die gelowige en die ongelowige se lewenswyse, lewensmoontlikheid en lewenseinde.

Die lewenswyse is die pad wat jy gaan kies, die manier van lewe wat jy gaan kies. **Welgeluksalig is die mens wat kies om nie die raad van die goddelose te volg nie**, nie by **die sondaars te staan nie** en **nie te sit in die kring van die spotters nie**. Dit is die ongelowiges se manier van lewe. Luister net hoe word hulle genoem. Hulle is goddeloos. Hulle lewe weg van die Here af, want hulle wil sonder God en sonder sy wet wees. Hulle wil God-loos wees, want hulle wil nie iemand hê wat oor hulle baas is nie en hulle wil nie wette hê nie, want wette, sê hulle, laat hulle ingeperk voel.

Hulle is sondaars. Hulle is daarop uit om teen die wet en die wil van die Here in te gaan. Aangesien hulle sonder God en sy wet wil lewe, is hulle eie grille en giere hulle wet. Hulle doen net waarvoor hulle lus is. Of dit nou goed of sleg is, maak nie saak nie, solank hulleself maar net voordeel daaruit kan trek, is dit goed genoeg. Verder is hulle ook spotters. Hulle spot met die gelowiges. Hulle lag vir die mense wat eerder onder die Here se regering wil lewe as om self baas te wees van hulle lewe. Uiteindelik maak hulle 'n bespotting van die Bybel en van die Here. Selfs die heilige Naam van ons Here word in hulle monde 'n woord om mee te vloek en te skel.

Nou wys die Here ons op die gevaar van hierdie lewenswyse, geliefdes. 'n Mens word nie somer oordag 'n navorger van Satan nie. Daarvoor is die duiwel te uitgeslae en baie slim. Hy weet mos hy sal nie 'n gelowige mens somer met een slag 'n Godloënaar kan maak nie. Hy sal probeer om jou stadig maar seker te draai, sodat jy dit self nie eers agterkom nie. Eers lok hy jou uit om maar net die **raad van die goddelose** te volg. En as jy gekies het om die goddelose se raad te volg en jy raak gemaklik daarmee, is dit makliker om by **die sondaars te staan**. Jy voel nou tuis en uiteindelik sien jy niks daarmee verkeerd om **in die kring van die spotters te sit** nie.

Maar kyk mooi hoe loop hierdie manier van lewe. Dit gaan stadig maar seker al meer en meer afdraand. Eers net loop saam met die goddelose, naderhand staan saam met sondaars en uiteindelik gaan sit 'n mens in die kring van die spotters.

Welgeluksalig is die mens wat kies om nie so te lewe nie. *Welgeluksalig* sê dat hierdie mens vreugde en geluk op 'n ander plek vind as waar goddelose sondaars en spotters hulle geluk vind. Of eerder, die gelowige vind sy en haar vreugde en geluk nie op 'n plek nie maar in 'n Persoon – in die Here. Die gelowige mens **vind vreugde in die wet van die Here**. Dadelik wil 'n mens vra: Maar hoe kan daar vreugde, geluk en blydschap in die wet van die Here wees?

Broers, susters en kinders, deur die kragtige werk van die Heilige Gees kan ons die bedoeling van die Here se wet in die geloof begryp. Die Here het nooit sy wet gegee om al die lekker dinge van die lewe van ons af weg te neem nie. Toe God vir Adam en Eva gesê het dat hulle nie van die boom van alle kennis se vrugte mag eet nie, het Hy sy liefdesgrens vir sy kinders gestel. Omdat Hy wou hê dat die mense die ewige lewe moes kry, het Hy gesê: Moenie van daardie boom se vrugte eet nie. As die Here sê: Moenie skinder en leuens vertel nie, ontsê Hy ons nie moedswillig van al die sappige stories oor ander mense nie. Hy sê dit om ons te beskerm. Die wet van die Here is dus die liefdesgrens waarbinne die Here wil hê ons moet lewe. En binne hierdie grense kan ons voluit en met oorgawe lewe en ons kan weet dat ons die Here tevrede sal stel. Daarom is die gelowige se vreugde in die wet van die Here. Daarin leer ons hoe ons die Here tevrede kan stel en Hom bly maak omdat Hy ons sy kinders gemaak het.

Omdat die gelowige deur die kragtige werk van die Gees die bedoeling van die wet begryp, **oordink** hy en sy dit ook **dag en nag**. Om die wet van die Here te oordink is nie om daarvoor te peins en te tob nie. Wanneer jy die wet van die Here oordink, streef jy daarna om te begryp hoe ek dit wat die Here vir my hier sê, nou gaan toepas in my lewe. Jy dink na en bid tot die Here sodat jy sy wet praktyk van jou lewe kan maak. En dit gebeur nie net so af en toe nie, maar dag en nag – aanhoudend.

'n Gelowige mens oordink die wet van die Here dag en nag, want hy wil doen wat in Psalm 119:1 geskryf staan. Hy wil **in die wet van die Here wandel**. So 'n mens wil binne die grense van God se liefde lewe. Daarom laat hy al sy woorde, dae en gedagtes deur die wet van die Here bepaal. En hoe meer dit gebeur hoe groter word die vreugde en blydschap, want jy word al sekerder dat jy jou hemelse Vader tevrede stel. Jy doen wat Hy van jou verwag.

Watter lewensmoontlikhede het die gelowige? Die goddelose sondaar en spotter meen die gelowige is ingeperk deur die wet van die Here en het daarom nie veel van 'n lewensmoontlikheid nie. Maar kyk wat sê die Here, geliefdes. Die regverdige is **soos 'n boom wat geplant is by waterstrome**. Die gelowige se lewe is standvastig. En die lewensmoontlikheid is oneindig, want hy is standvastig, nie in eie krag nie maar by waterstrome. Gedurigdeur kry hy genoegsaam van die regte voeding sodat hy kan aanhou groei.

Iets hiervan sien 'n mens in die Groot Karoo. Die veld is vaal en droog, maar daar waar die Here sy bome geplant het, staan hulle groen en vol in die blom. Die Here het hulle by waterstrome geplant wat die mens se oog nie eens kan raaksien nie. Dit is wat die Heilige Gees met God se kinders doen. Hy plant hulle in op Christus – die Rots en die Fontein van lewende water. Uit Christus uit gee die Heilige Gees deur die geloof aan die gelowige vergifnis van sonde, nuwe lewe, 'n lewe sonder einde, want dit is die ewige lewe.

Broers, susters en kinders, dit is die wonderlike van 'n boom. Hoe dieper sy wortels die grond ingaan agter die waterstrome aan, hoe groter word sy blarekroon. Hoe vaster die gelowige in Christus in vasgroeï en hoe meer Christus beheer het van die gelowige se lewe, hoe duideliker word dit na buite toe dat hierdie mens 'n uitverkore seun of dogter van die Here God is. 'n Boom waarvan die wortels al dieper agter die waterstrome aangroeï, gee sy vrugte aanhoudend op sy tyd. 'n Gelowige wat deur die Heilige Gees en die Woord van die Here al vaster in Christus in groeï, kan nie anders nie as om

vrugte van lof en dank aan God voort te bring nie. Hierdie vrugte is alles wat jy doen en sê en dink in jou diens aan God en aan ander mense. Omdat jy in Christus is, wil jy deur alles wat jy doen en sê die beeld van Christus in jou lewe vir ander mense sigbaar maak.

Soos wat 'n boom met sy digte koelte van die blare baie diere aanlok om daar te rus van die warm son, so lok die gelowige wat op Christus ingeplant is mense van alle oorde na die Here toe. Selfs moeilike omstandighede maak nie 'n verskil aan die lewens-moontlikheid van die gelowige nie. Die Here sê die boom se **blare verwelk nie**. Selfs in droogtetye is daar steeds 'n digte blarekroon en vrugte op die regte tyd. Dit is nie omdat die boom so groot en sterk is nie, maar omdat hy geplant is by waterstrome. Lewens-omstandighede verswak ook nie die gelowige se lewensmoontlikheid nie. Sy en haar geloof en die vrugte van die geloof word nie deur die omstandighede bepaal nie maar deur die Rots en die Fontein van lewende water, naamlik Christus wat altyd getrou bly.

En wat die regverdige aanpak en doen, **voer hy voorspoedig uit**. Geliefdes, nou moet ons mooi begryp. Die gelowige kan nie van die standpunt uitgaan en sê: Omdat ek die Here dien, sal en moet ek in alles voorspoed beleef nie. Omdat ek die Here dien, moet ek die beste motor en die grootste huis en grootste bankrekening hê nie. Dit gaan nie oor die voorspoed wat ons mense altyd reken voorspoed is nie. Dit gaan oor die voorspoed van die Here en die Here se koninkryk. Ware voorspoed is die resultate van God se werk in die lewe van die mens wat na die wil van God soek.

Die lewensmoontlikheid van die regverdige is oneindig en voorspoedig, want hy verdiep hom in die Woord van die Here en hy onderwerp homself aan die heerskappy van sy Koning, Jesus Christus. Die gelowige wat ywer om die Here se wil te doen in alles en voordat hy iets aanpak eers die wil van die Here soek en dit ook volg, kan nie anders as om voorspoedig te wees nie. Dit sal uitkom, want die Here loop met die regverdige aan die hand. Die Here laat sy eie werk geluk. En die vreugde van die gelowige hierin is 'n volle lewe waarin jy weet dat jy jou hemelse Vader verheerlik en tevrede stel.

Die lewensmoontlikheid van die goddelose is so anders, want hy is **soos kaf wat die wind verstrooi**. Daar is nooit standvastigheid in sy lewe nie. Deur die geringste briesie word hy aangejaag. So 'n mens kry nooit rus nie. Hy gaan van die een na die ander om raad te kry vir sy lewe. Hy probeer elke kuur en konkoksie op die mark om hom lewenslus en krag te gee. Uit elke denkbare stroompie wil hy drink en meen hy gaan daarmee die onsterflike lewe verkry. En die gevolg is dat hy nooit vrugte het nie en nie eers 'n aanloklike lewe nie. Hy is soos kaf. Kaf is dood en nutteloos. Dit word verbrand en weggegooi. As die Here ons leer wat die lewensmoontlikheid van die goddelose is, is Hy kort en kragtig. Die goddelose het nie 'n lewensmoontlikheid nie, want hy is **soos kaf wat deur die wind verstrooi** word.

So vrugtelos en vaal as wat die goddelose se lewensmoontlikheid is, so tragies is hierdie mens se lewenseinde. Reeds in hierdie lewe kan die sondaars nie in die kring van die regverdiges staan nie. Die mens wat gekies het om 'n goddelose lewe te lei sal nie tuis wees by die gelowiges nie. Hy sal ontuis voel, want hulle praat van dinge en beleef dinge waarvan hy niks weet nie omdat hy van die begin af niks daarvan wou weet nie. In hierdie woorde hoor ons hoe die Here van die huigelaars ook praat.

'n Huigelaar is iemand wat oënskynlik deel van 'n gemeente en 'n geloofsgemeenskap is. Maar omdat so 'n mens maar net voorgee om tuis te wees in die gemeente, sal dit op die lang duur duidelik word dat hy nie tuis is nie. Dit word al sigbaar in sy vrugtelose lewe. So 'n mens sit maar net in die erediens, maar nooit deel hy sy gawes uit aan die ander nie, want sy gawes het nooit regtig ontwikkel nie. Dit het nie ontwikkel nie, want hy maak nie regtig erns met die wet van die Here nie.

Uiteindelik, sê die Here, is die goddelose se lewenseinde totale ondergang. **Die weg van die goddelose sal vergaan**. Hy sal vergeet word. Wanneer ons Koning Jesus Christus

as Regter terugkom op die wolke van die hemel, kom Hy oordeel oor die lewendes en die dooies. En in daardie oordeel sal die goddelose nooit kan staan nie. Op daardie dag sal die Here daardie mense se vrugtelose lewens voor hulle oproep. Omdat hulle ongehoorsaam gebly het en God-loos wou lewe, gee die Here uiteindelik aan hulle waarna hulle gesoek het – 'n ewige bestaan sonder die liefde en genade van God, 'n lewenseinde wat vergaan in die niet. 'n Bestaan sonder God is immers nie 'n lewe nie maar net 'n aanhoudende vergaan.

En nou praat die Here ook nie van die regverdige se lewenseinde nie. Hy sê doodeenvoudig: **die HERE ken die pad van die regverdige**. In hierdie woorde hoor ons nie van 'n lewenseinde nie maar van 'n lewensewigheid. Dis nie dat die Here in die verlede nie die pad van die regverdige geken het nie, of dat Hy dit ook nie in die toekoms sal ken nie. Hy hét nog altyd die pad van die regverdige geken en sal dit tot in ewigheid ken. En as die Here sê Hy ken die pad van die regverdige, sê Hy dat Hy persoonlik daarby betrokke is. Hy loop saam met die regverdige, terwyl Hy sy hand stewig vashou, op sy lewensweg tot in ewigheid. So oneindig as wat die lewensmoontlikheid van die gelowige is, so oneindig is lewe, want deur Christus se versoeningswerk gaan dit tot in alle ewigheid.

Broers, susters en kinders, in hierdie week wat kom, gaan elkeen van ons voor een of ander keuse te staan kom. Met die toerusting in hierdie kerkisasieles van die Here stuur Hy ons die wêreld in. Wanneer ons voor die keuse kom, is dit nou ons verantwoordelikheid om die lewensweg te kies waarop die Here ons wil hê. Laat ons ons daarom verdiep in die Woord van die Here, laat ons deur die krag van die Gees styf vashou aan Jesus Christus ons Leidsman dan sal ons die regte keuse maak en God verheerlik en tevrede stel.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 92:6, 7 (p. 467)

- 6 'n Palmboom hoog en rustig, / 'n seder sterk en skoon / met breë blarekroon –  
so groei Gods volk, so lustig. / Hul groei deur Gods genade: / hul bloei daar hoog en fris,  
waar God se voorhof is, / in skone lofgewade.
- 7 Hul groei in balsemlugte; / selfs in hul ouderdom / sal daar geen mind'ring kom  
van bloei en eedle vrugte. / Hul lof sal nie verstom nie: / Die HEER is reg! en Hy,  
Hy is 'n rots vir my! / Geen onreg is in Hom nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

**Ds Coen Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**29 Januarie 2012**